My vriendin van die groot oorsese stad wou weet wat ek nou eintlik besig is om te doen toe sy sien hoe ek room karring en my antwoord was dat ek botter maak. Sy het gelag en gese “You stupid you don’t make butter like that - you buy it at the shop”.

Dieselfde gevoel het oor my gespoel toe iemand my vra watter werk ek doen. Plase verkoop het hom glad nie aangestaan nie en hy kon nie verstaan hoe ek my met sulke beuselagtighede kon ophou nie.

Nou wil ek jou graag uitdaag om in enige supermark te gaan staan en kyk hoeveel items jy daar kan uithaal wat nie sy oorsprong op ‘n plaas het nie. Dit sluit alle vars produkte, blikkies, bottels, kartonne, papiersakke, leesstof, klere, beddegoed en baie meer in.

Jy sal besef dit is absoluut onmoontlik om sonder hierdie boere wat elke dag aan droogtes, ongediertes, peste en plaasaanvalle blootgestel word te leef. Ons is so geneig om te dink al die voedsel en klere wat tot ons beskikking is, is maar net daar. Nee daar is produsente wat sorg dat daar kos op die tafel en klere aan die bas is.

Ondersteun asseblief jou boeregemeenskap.

Erkenning aan Huisgenoot